LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

4 Desember 2020

Geagte Ouers

Uit die pen van die Hoof

Ons Strydleuse vir 2020 was: "Streef na Perfekte Visie…" 'n jaar waarin ons geglo het alles gaan PERFEK wees. Ons het alreeds in 2019 die volgende jaar haarfyn beplan. Maande, weke, dae en selfs minute was alreeds vir ons en ons leerders vasgepen in ons dagboeke net om later te besef NIKS hiervan gaan realiseer nie.

Die teksvers Spreuke 16:1-9 wat lui, "Die mens wik maar God beskik" is in hierdie COVID-19 jaar 'n bewys dat ons as mense kan planne maak maar dat God groter is as ons en ons beplanning. Ten spyte van al die planne wat mense moes gemaak het om te oorleef in hierdie moeilike jaar het ons almal waardevolle lewenslesse geleer. Weereens het ons besef dat materiële dinge nie werklik dit is wat belangrik is nie, maar dat ons verhouding met ons Skepper en medemens die kernwaarde is. Dankie aan elke Lardie-ouer wat in hierdie jaar ons skool, onderwysers en leerders ondersteun het om van 2020 'n sukses te maak. Dankie aan die ouers wat ten spyte van die uitdagings getrou hul skoolfonds betaal het en hulle verpligtinge t.o.v. die skool nagekom het. Ons glo en vertrou dat 2021 'n beter jaar gaan wees vir een en elke Lardie. Graag gee ons die volgende belangrike inligting deur.

AFHAAL VAN RAPPORTE

Alle Gr. 1 - 7 leerders kan hulle rapporte op Vrydag, 11 Desember 2020 kom afhaal tussen 07:40 - 09:00 by die onderstaande punte. Die registeronderwyser sal die rapport uitdeel in hierdie tydsgleuf.

Tyd	Graad	Hek
07:40 - 09:00	1	GF Hek
07:40 - 09:00	2	Hek 2
07:40 - 09:00	3	Hek 3
07:40 - 09:00	4	Naskool Hek
07:40 - 09:00	5	Hek 3
07:40 - 09:00	6	Hek 1
07:40 - 09:00	7	Hek 1

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

Rapporte wat nie om 09:00 afgehaal is op Vrydag, 11 Desember nie kan op die volgende dae en tye afgehaal word by Hek 2.

Vrydag, 11 Desember tussen	09:00 - 16:00
Maandag, 14 Desember tussen	08:00 - 16:00
Dinsdag, 15 Desember tussen	08:00 - 16:00

Rapporte wat nie op Dinsdag, 15 Desember 2020 afgehaal is nie sal in die Administratiewe kantoor gehou word tot die skool heropen in 2021.

INHANDIGING VAN HANDBOEKE

Gr. 4 - 7 leerders se handboeke moet ingehandig wees alvorens hulle, hulle rapporte kan ontvang. Handboeke wat verlore is moet betaal word by die onderwyser @ R170 per handboek.

SKOOLPROGRAM 2021

Ons beplanning vir 2021 is so gedoen dat ons graag al die leerders van Gr. 1 - 7 gaan terug verwelkom op Woensdag, 27 Januarie 2021. Ons is tans besig met voorbereidings t.o.v. die skoolbanke sodat die sosiale afstand in die lokale gehandhaaf kan word. Indien die Regering aankondig dat slegs 50% van die leerders op die terrein teenwoordig mag wees op 'n daaglikse basis sal ons noodgedwonge weer die Plan B opsie nl. alternatiewe dae weer moet volg. Ons sal u as ouers so spoedig as moontlik inlig indien hierdie besluit aangekondig word.
Die belangrike datums van kwartaal 1 sal aan u gestuur word om u beplanning vir 2021 te kan doen.

KLASINDELINGS VIR 2021

Klasindelings vir 2021 is afgehandel en dit sal op die huidige graad se Google Admin gelaai word vir besigtiging op Donderdag, 11 Desember 2020. Neem asb kennis dat daar geen veranderinge gemaak sal word t.o.v. klasindelings nie.

SKRIFTE 2021

Alle skrifte vir 2021 sal op Woensdag, 27 Januarie en Donderdag, 28 Januarie 2021 uitgedeel word en nie meer in 2020 soos aangedui in die skoolprogram nie.

SKOOLBYWONING

Alle vraestelle wat geskryf is deur die Gr. 4 - 7 is uitgedeel en die akademie vir die jaar is afgehandel. Amptelike skoolbywoning vir die kwartaal word tot en met die volgende datums geneem:

Groep 2 van Gr 1 - 3:	Maandag, 7 Desember
Groep 1 van Gr 1 - 3	Dinsdag, 8 Desember
Gr 4 en 6	Vrydag, 4 Desember
Gr 5	Maandag, 7 Desember
Gr 7	Woensdag, 2 Desember

Daar sal wel toesig wees vir alle leerders tot en met Donderdag, 10 Desember.

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

OP- EN AFLAAI VAN GR 1 - 7 LEERDERS VANAF 2021

Aangesien die hele skool terugkeer vanaf 27 Januarie 2021 is ons genoodsaak om die op- en aflaai van leerders te reguleer sodat ons verkeer om die skool nie ‘n opeenhoping veroorsaak nie. Ons versoek vriendelik dat u asb by hierdie voorgestelde uiteensetting sal hou om die verkeer te reguleer. Die oplaai tye in die middae is so aangepas dat daar nie ‘n verkeersopeenhoping is nie. Gr. 4 - 7 kom normale tyd uit naamlik Maandag - Donderdag om 13:45 en Vrydag om 13:15. Sien asb die spesiale oplaai tye vir die Gr. 1 - 3 leerders. ***Indien u meer as 1 kind in die skool het word albei leerders by die jongste kind se hek op- en afgelaai.***

Graad	Aankoms	Vertrek	Hek vir ingang en uitgang	Wagarea voor skool begin
1	06:45 - 07:30	12:30	Grondslagfase hek	Gr. 1 vierkant
2	06:45 - 07:30	12:50	Hek 1	Saal vierkant
3	06:45 - 07:30	13:10	Hek 3	Hokkieveld (onderkant)
4	06:45 - 07:30	13:45	Naskoolsentrum Hek	Voor rugby telbord
5	06:45 - 07:30	13:45	Hek 3	Hokkieveld (bo-kant)
6	06:45 - 07:30	13:45	Hek 2	Gras netbalveld
7	06:45 - 07:30	13:45	Hek 2	Voor pawiljoen

- Hekke is soggens oop vanaf 06:45 - 07:30.
- Leerders wat vroeër afgelaai word moet buite die hek wag en die sosiale afstand van 1.5m handhaaf.
- Geen ouer word op die terrein toegelaat nie.
- Ouers voltooi die QR vraelys voordat die leerder die skool betree.
- Tydens ingang soggens word leerders se hande gesaniteer en temperatuur word gemeet.
- Maak asb seker dat leerders nie in ‘n warm motor of in die son staan voordat temperatuur gemeet word nie anders kry ons nie ‘n betroubare lesing nie.
- Gr. 4 -7 leerders plaas hul tasse by hul registerklasse en beweeg na die area wat aan hul toegeken is voor skool, sosiale afstand moet gehandhaaf word. Gr. 1 - 3 leerders hou hulle tasse by hulle totdat hulle na die klas toe beweeg saam met hulle onderwyseres.
- Geen vierkant openinge vind plaas nie, alle openinge sal plaasvind op Google Meet.

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

SNOEPIE AANKOPE

- Geen kontant word by die snoepie aanvaar nie, leerders kan gebruik maak van hul FundiPay-bandjies (slegs tot die einde van kwartaal 1) of die nuwe Sticitt D6 bandjie.
- Neem egter kennis dat die FundiPay-bandjies net geldig is vir die eerste kwartaal, aangesien ons skool gebruik gaan maak van ‘n nuwe, makliker stelsel vanaf die tweede kwartaal.
- Aangesien ons vanaf 2021 van ‘n nuwe finansiële stelsel gebruik gaan maak word die FundiPay-bandjie vervang met ‘n Sticitt D6 bandjie. Die nuwe bandjies is reeds deur die skool aangekoop vir alle leerders, dus hoef u as ouer nie weer ‘n bandjie aan te koop nie.
- Hierdie verandering t.o.v. die snoepie bandjies is tydens die Algemene Jaarvergadering wat plaasgevind het op Maandag, 9 November 2020 goedgekeur.
- Die D6 stelsel se dienste is van so aard dat dit vir ons as skool en vir u as ouer meer opsies bied om kontantloos te funksioneer.
- Registrasie en verdere inligting oor wat die stelsel ons bied sal aan u gekommunikeer word.

GOOGLE CLASSROOM 2021

Covid-19 het nie net negatiewe implikasies gehad nie, ons het nuwe vaardighede aangeleer en het beslis ‘n tegnologiese ontploffing in die skool ervaar.

Daar gaan nie meer videos van elke les op Google Classroom geplaas word vir die Grondslagfase leerders nie. Slegs nuwe konsepte se inligting sal d.m.v. videos opgelaai word.

In 2021 gaan ons voort om die lesbeplanning en inligting op Google Classroom te laai vir Gr. 4 - 7 leerders. Die skyfies van die lesse sal wel op Classroom geplaas word vir leerders wat dit wil gebruik vir hersiening. Neem asb kennis dat daar geen lewendige uitsendings van lesse gaan plaasvind nie en dat leerders nie van die huis af kan inskakel vir klas nie, dus geen virtuele lesaanbiedings nie.

Alle werksafbakenings en inligting m.b.t. die graad sal op Google Admin geplaas word.

Die volgende reëlings is van toepassing op u kind se Google Classroom rekening van volgende jaar (2021).

- Alle intersen en senior klasse gaan deur Mnr J Andrews in argief (archive) geplaas word. Die werk sal nog steeds beskikbaar wees vir die leerders maar dit gaan net nie meer op die tuisblad verskyn nie.
- Nuwe vakkodes gaan aan ouers gestuur word sodat u die nuwe graad waarin u kind is se vakke kan koppel. Die spesifieke graad se administrasie klas se kodes sal ook aan u gestuur word.
- Op 18 Januarie sal u die inligtingstuk ontvang wat weer stapsgewys aan u verduidelik hoe om die nuwe klas op u kind se Google Classroom by te voeg.

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

SKOOLPROGRAM VIR 27 JANUARIE - 2 FEBRUARIE 2021

WOENSDAG, 27 JANUARIE 2020

07:30 Skool begin en leerders tree aan by die onderstaande aantreepunte

- Gr. 1 - Voor Gr. 1 – klasse
- Gr. 2 - Vierkant voor saal
- Gr. 3 - Onderkant van Hokkieveld
- Gr. 4 - Voor telbord
- Gr. 5 - Bokant van Hokkieveld
- Gr. 6 - Gras Netbalbane
- Gr. 7 - Voor pawiljoen

07:40 – 08:15 Opening en verwelkoming vir nuwe leerders in saal.
Basislyn assessering vir Gr 5 -7 (Afrikaans en Wiskunde)
Woensdagaand
18:00: Gr. 2 en 3 Ouerinligtingsaand (MEET). Bring-en-Braai tuis.

DONDERDAG, 28 JANUARIE

Basislyn assessering vir Gr 5 -7 (Engels)
Uitdeel van skrifte en handboeke vir 2021
09:00: Atletiekuitdunne, slegs vir Gr. 4 leerders. Gr 4 leerders kom met sportdrag skool toe, res van die skool dra skooldrag.
Donderdagaand
18:00: Gr. 4 Ouerinligtingsaand op Google MEET. Bring-en-Braai tuis

VRYDAG, 29 JANUARIE

Bokkesport: 08:00 - 15:00
Gr 4 - 7 Leerders wat nie betrokke is by Bokkesport nie kan by die huis bly. Daar sal wel toesig wees vir Gr 4 - 7 leerders wat skool toe kom. Neem asb kennis dat ons nie tydens die Bokkesport gaan sing en aanmoedig op die pawiljoen nie. Ongelukkig word daar ook nie ouers op die terrein toegelaat nie. Gr. 1 – 3 leerders kom almal skool toe en gaan voort met akademiese klasse tot hulle uitgeroep word vir die uitdunne.
13:15: Skool kom uit vir leerders wat skool bywoon

MAANDAG, 1 FEBRUARIE

Gr 4 - 7 klaswisseling begin
Maandagaand
18:00: Graad 5 en 6 Ouerinligtingsaand op MEET. Bring-en-braai tuis

DINSDAG, 2 FEBRUARIE

Gr 4 - 7 klaswisseling
Dinsdagaand
18:00: Graad 7 Ouerinligtingsaand op MEET. Bring-en-braai tuis

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

NW EKSPO 2021

Die Gr. 3 leerders sal die opdrag vir volgende jaar se ekspo saam met hulle rapporte ontvang. Alle inligting t.o.v. die ekspo van 2021 sal vir die Gr. 4 - 6 geplaas word onder die graad se Google Admin. Tydens die eerste week van kwartaal 1 sal die volledige inligtingstuk aan die leerders uitgedeel word. Die NW ekspo inligtingsaand vind vroeg in die eerste kwartaal plaas, waar u meer inligting en riglyne aangaande die ekspo sal ontvang.

SPORT

Met al die uitdagings wat ons in 2020 beleef het gaan ons daarna streef om in 2021 so normaal as moontlik binne die protokol van Covid-19 aan te gaan met atletiek. Ons jaarlikse Bokkesport vind plaas op Vrydag, 29 Januarie 2021 en die Wyksbyeenkoms op Donderdag, 11 Februarie 2021. Die formaat van die Wyksbyeenkoms gaan wel aangepas word, volledige inligting sal deurgestuur word in 2021. Om te voldoen aan die Covid-19 reëls t.o.v. getalle sal ons nie soos oudergewoonte tydens ons Bokkesport kan sing op die pawiljoen nie en ouers mag ook nie die geleentheid bywoon nie. Alle byeenkomste sal wel op Lardies TV uitgesaai word.

LARDIE KLEREWINKEL

Die Lardie Klerewinkel sluit op Vrydag, 11 Desember 2020 en heropen op Maandag, 18 Januarie 2021. Afsprake word steeds per whatsapp (083 779 9150) gemaak. Stuur asb die naam, van en graad van die kind na Me Belinda Castelyn wat u behulpsaam sal wees.

Mag u ‘n Geseënde Kersfees en ‘n Voorspoedige 2021 beleef. Geniet die spesiale tyd saam met vriende en familie en mag God se warm liefde elke gesin omvou, tot ons mekaar weer in 2021 sien...

Vriendelike Lardie-groete

ME H BARKHUIZEN
ADJUNKHOOF

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

LAERSKOOL ELARDUSPARK

SKOOLUNIFORM & SPORTDRAG

SPANDEER R1000 EN MEER EN KRY R100 AFSLAG

GOEDGEKEURDE VERSKAFFER

Constantia Uitrusters/Outfitters Groep
SEDERT 1969

012 993 3130

469 MENDELSSOHN STREET
CONSTANTIA PARK
PRETORIA